# Les 07 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: DIE KALFIE-OEFENING - NET SO!

## 1. NET SO!

Ons gaan nou ‘n speletjie speel. Die speletjie is ‘n onthou-speletjie. Ons gaan speel en só oefen om die kalfievoorbeeld te onthou. Die speletjie werk so: die oom of tannie wat die les gee, gaan vir julle ‘n deeltjie van die kalfievoorbeeld noem. Byvoorbeeld, die oom of tannie gaan sê: “Boere merk hulle kalfies”, dan gaan hulle vra: “Net so?” Dan gaan hulle stilbly en dan moet julle sê wat wys dit vir ons wat doen die Here met ons. Julle moet dan sê: “Net so merk die Here ons.”

Kom ons oefen dit!

Ons sê: “Boere merk hulle kalfies.”

Ons vra: “Net so?”

Julle sê: “Net so merk die Here ons ook.”

Daarom noem ons hierdie speletjie die “Net-so”-speletjie.

Ons gaan dit eers in die groep doen, ons sê “Boere maak so…” en dan kan enige een uit die groep of almal gelyk sê: “Net so maak die Here …”

## 2. Die eerste groep voorbeelde: ons is gemerk nes kalfies

- Boere merk kalfies met hulle name! Net so?
  *Net so merk die Here ons met Sy Naam!*

- Boere merk hulle kalfies met ‘n brandyster op die boud of ‘n inkmerk op die oor. Net so?
  *Net so merk die Here ons met water op die kop!*

- Hierdie boer merk sy kalfies met sy volle naam: Jan Pieter Schalk Truter! Net so?
  *Net so merk die Here ons met Sy volle Naam: die Vader en die Seun en die Heilige Gees!*

- Boere wys met hulle brandmerk: hierdie kalfies behoort aan my! Net so?
  *Net so wys die Here met Sy merk, die doop, ons behoort aan Hom.*

- Boere wys met hulle merk dat hulle na hulle kalfies kyk en vir hulle sorg. Net so?
  *Net so wys die Here met Sy merk dat Hy na ons kyk en vir ons sorg.*

- Boere se arbeiders merk die kalfies omdat hy vir hulle gesê het om dit te doen. Net so?
  *Net so is dominees die Here se arbeiders vir wie Hy gesê het om ons te merk.*

As ons hierdie nou klaar geoefen het in die groep, dan gaan ons nou op die ry af en gee elkeen ‘n kans met een voorbeeld, en dan doen ons so verder die hele groep “Net so”-vrae.

**3. <u>Die tweede groep voorbeelde: net die beeste wat aan die boer behoort, se kalfies word gemerk</u>**

- Boere merk net die kalfies van die beeste wat aan hulle behoort! Net so?
  *Net so merk die Here net die kinders van ouers wat aan Hom behoort!*

- Boere merk nie vreemde beeste se kalfies nie. Netso?
  *Net so merk die Here nie kinders as die ouers nie aan Hom behoort nie!*

- Dit is nie die merk wat maak dat die kalfies aan die boer behoort nie, dit is die betaling wat hy gemaak het vir die beeste. Net so?
  *Dit is nie die doop wat ons kinders van die Here maak nie. Dit is Jesus wat vir ons ouers en ons sondes betaal het!*

- Boere betaal net eenkeer vir die beeste. Hulle betaal nie weer as kalfies gebore word nie. Die eerste betaling was vir al die kalfies ook. Net so?
  *Net so het die Here klaar vir ons sondes betaal en het Hy ons klaar as Syne gekoop toe Hy vir ons ouers betaal het!*

- Kalfies behoort aan die boer. Dit is soos dit werk. Hulle sê so! Net so?
  *Net so sê die Here: “Julle behoort aan My”. Dit is hoe dit werk!*

**4. <u>Die derde groep voorbeelde: wegloopbeeste, soet en stout beeste en soet en stout kalfies, word almal gemerk</u>**

- Partykeer verdwaal beeste in die veld en word die kalfies nie gemerk nie. Net so?
  *Net so verdwaal ouers en word hulle kinders nie gedoop nie!*

- Kalfies van verdwaalbeeste behoort aan die boer. Al is hulle nie gemerk nie, het hy vir hulle betaal. Net so?
  *Kinders van ouers wat verdwaal, behoort aan die Here al is hulle nie gemerk nie, want die Here het al klaar hulle sondes betaal!*

- Kalfies van verdwaalbeeste word gemerk as die beeste weer kraal toe kom. Net so?
  *Net so merk die Here Sy kinders as die ouers weer kerk toe kom!*

- Boere merk al hulle beeste se kalfies: die wilde en mak beeste, die sterk en swak beeste. Net so?
  *Net so merk die Here al Sy kinders – al is hulle ouers mak of wild, sterk of swak!*

- Mak beeste se kalfies behoort nie meer, en kry nie meer versorging as wilde beeste se kalfies nie. Net so?
  *Net so behoort al die kinders eweveel aan die Here en sorg Hy eweveel vir hulle!*

- Boere merk kalfies nie omdat hulle soet gaan wees nie, maar omdat hulle aan hom behoort. Net so?
  *Net so merk die Here ons nie omdat ons soet gaan wees nie, maar omdat ons aan Hom behoort!*

- Boere merk die kalfies al behoort net die een bees aan die boer. Net so?
  *Net so merk die Here my as Sy kind, al behoort net my ma of net my pa aan die Here!*

- Boere merk die kalfies wat beeste as hull eie aangeneem het. Net so?
  *Net so behoort kinders wat deur gelowige ouers aangeneem is, ook aan die Here, en merk Hy hulle ook!*

- Boere kan net kalfies koop, sonder groot beeste. Net so?
  *Net so kan die Here vir kinders se sondes betaal en hulle merk sonder dat hulle pa's of ma's aan Hom behoort!*

**5. <u>Die vierde groep voorbeelde: 'n boer merk kalfies net eenkeer om vir ander te wys hulle behoort aan hom</u>**

- Kalfies word net eenkeer gemerk om te wys hulle behoort aan die boer. Net so?
  *Net so word kinders net eenkeer gedoop om te wys hulle behoort aan die Here.*

- Kalfies wat stout is of in die veld wegraak en dan weer terugkom, word nie weer gemerk nie. Net so?
  *Net so word kinders van die Here wat stout is of wegloop van die kerk, nie weer gemerk as hulle weer soet word of terugkom kerk toe nie!*

- Kalfies wat wild en stout was, kan nie sê hulle eerste merk tel nie, hulle wil weer gemerk word nie. Toe hulle wild en stout was, het hulle reeds aan die boer behoort. Net so?
  *Net so kan kinders nie sê hulle was stout en omdat hulle nou soet geword het, wil hulle weer gedoop word nie!*

- Die boer se merk wys die kalfie behoort aan die boer, dit is nie die kalfie se manier om vir die boer te wys dat hy soet geword het nie. Net so?
*Net so wys die doop ons behoort aan die Here. Die doop kan nie ons manier wees om vir die Here te wys ons het soet geword nie!*

- Arbeiders kan nie maak asof kalfies met twee merke, tweekeer meer aan die boer behoort as kalfies met net een merk nie. Daar is nie so iets soos tweekeer behoort nie. Net so?
*Net so kan dominees nie maak asof jy tweekeer aan die Here behoort as jy tweekeer gedoop word nie.*

- Beeste kan nie vir kalfies sê hulle moet eendag self besluit of hulle aan die boer wil behoort nie. Hulle behoort aan die boer, nie aan die beeste nie, en moet gemerk word. Net so?
*Net so kan ouers wat aan die Here behoort, nie sê kinders moet self besluit of hulle aan die Here wil behoort en gedoop wil word nie. Hulle behoort aan die Here en moet gedoop word.*

- Boere merk kalfies sodat hulle en ander kan weet hulle behoort aan die boer. Net so?
*Net so word ons gedoop om ons te herinner en vir ander mense te wys ons behoort aan die Here. Die Here weet ons behoort aan Hom. Hy het nie ‘n merkteken nodig om herinner te word ons is Syne nie.*

**Opdrag:**

Julle het ‘n speel-opdrag. Julle moet hierdie “Net so”-speletjie by die huis met julle ouers gaan speel!

As julle by die huis kom, gaan na Pa of Ma of Oupa of Ouma – of sommer na ‘n oom of tannie toe en sê julle wil die “Net-so”-speletjie met hulle speel. Sê hulle moet die les vat en die sinne oor die boer lees en vra: “Net so?” Dan wys julle vir hulle wat weet julle alles van julle doop af met die kalfievoorbeeld.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

__________________________________
Handtekening: ouer of voog